# Omgeegroepgids

## Matteus 5

Ons het Sondag begin met 'n nuwe preekreeks oor die Bergrede in Matteus 5 genaamd "By Jesus se voete". En die week het ons begin met die Saligsprekinge in **Matteus 5:1-12**. Nou in hierdie teks, is daar 9 sprekinge of "frases" wat ons kan opdeel in twee gedeeltes: die eerste "Gelukkig is die" gedeelte wat verwys na die dissipels en volgelinge van Jesus wat na hom luister op die Bergrede, en die tweede "want" gedeelte wat die redes is hoekom hulle gelukkig moet wees. Maar, as ons bietjie dieper gaan kyk, kan hierdie twee gedeeltes ook verder verdeel word tussen hede en toekoms: die eerste "Gelukkig is die" gedeelte beeld die volgelinge se hede of nou hier op aarde uit, terwyl die tweede "want" gedeelte hul toekoms in die hemel uitbeeld of voorspel. En as ons dan begin met die eerste prentjie wat geskep word, sien ons dit lyk nie heel gesellig nie: Jesus praat van die wie arm van gees; dit verwys na die wie finansieel, fisies en emosioneel arm is. Die wie moeg, moedeloos en seer het. Die wie treur en onsekerheid beleef. Die wie sagmoedig is, maar tog onregverdig deur dié met mag en rykdom onderdruk word.



Maar dis dan waar Jesus sê, dit is juis hulle wie geluk sal ervaar – en dit is hier waar ons aansluit by die tweede "want" gedeelte van die frases. Dit wys hoe die volgelinge wat nou swaarkry se situasie omgekeer gaan word in die hemel. Die wie treur is die wie vertroos sal word. Die wie honger is, sal versadig word. Die wie seer het of siek is, sal genees word. Die wie stres en onseker is, sal rustigheid ontvang. En hierdie word eintlik dan 'n boodskap van hoop op 'n beter hemelse toekoms!

Maar, wat van die res van die sprekinge? Die van vv.6-9? Dit lig 'n *tweede* onderliggende boodskap uit – die oproep om te leef met die wil van God. Die bevel om te leef soos God wil hê ons moet leef. Hierdie oproep dui aan watse waardes mens as volgelinge van God moet hê en moet weerspieël. En dit is om eerstens honger en dors te wees vir geregtigheid – om te streef na dit wat reg is, om te streef om die regte ding te doen. Dit is om barmhartig te wees – om ander te help, om uit te reik na ander toe, om vir ander om te gee. Dit is om suiwer van hart te wees – om ons gedagtes, emosies en woorde te suiwer, om bedagsaam te wees oor ons gedagtes en oor die voorbeeld wat ons stel deur ons woorde. En dit om vredemakers te wees – om nie vyandig teenoor ander op te tree nie en moeite te doen om in vrede met ander te leef.



Maar ongelukkig, is dit so dat hierdie aksies van liefde nie altyd so goed ontvang word nie. Vandag ervaar ons soms 'n vorm van doofheid of gebrek aan waardering vir dit wat ons doen. Met ander woorde, baie keer as ons al hierdie waardes uitleef, voel dit soms of mense dit nie raaksien nie. Hulle waardeer nie dit wat ek aan hulle wys nie. Dit val net op dowe ore. En hierdie teen reaksies van die wêreld veroorsaak dan seer. Dit veroorsaak treur. Maar dit is dan waar ons herinner moet word aan Jesus se woorde van hoop: 'Wees bly en jubel, omdat julle beloning groot is in die hemele. Hulle het immers die profete vóór julle net so vervolg." En wie weet, dalk sien mense dit *juis* raak. Dalk val dit nie net op dowe ore nie. En dalk maak jy net 'n verskil in iemand se lewe of maak jy hulle dag net so bietjie beter.

- Wat sal hedendaagse voorbeelde wees van "arm van gees", treur, en onregverdigheid? Dink dalk na oor jou eie situasie.
- Alhoewel dié boodskap van hoop nie ons huidige situasie op aarde verander nie, hoe kan dit ons help in hierdie situasie van arm en treur?
- Hoe kan ons in liefde leef – i.e. streef om die regte ding te doen, barmhartig , suiwer van hart en vredemakers wees? Wat sal dit (prakties) behels?

## Gebed

Vra vir God om in liefde te leef al ontvang ons dit nie noodwendig altyd terug nie en dank Hom vir die hoop op 'n hemelse koninkryk.

